
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [4]

Die beleg van Jerusalem [24:15-28]

No. E227

Jesus se dissipels moet vlug wanneer hulle "ooreenkomstig die woord van die profeet Daniël die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, in die heilige plek sien staan". Dis belangrik: "wie dit lees, moet dit goed begryp" (24:15).

Daniël se gruwel van verwoesting

Baie is al oor dié uitdrukking gespekuleer. Talle glo die profesie is nog nie vervul nie. En fantasies is die verbeeldingsvlugte waartoe dit soms aanleiding gee.

Sowel Markus as Matteus beklemtoon die belangrikheid van hierdie teken, en gevolglik moet ons ons bes probeer om dit reg te verstaan.

Uitdruklik verwys Jesus na die boek Daniël. Verantwoordelike eksegeese sal dus dáár begin.

Daniël verwys ten minste 4 keer na hierdie gruwel (8:13; 9:27 11:31; 12:11). Ten minste die eerste en derde profesieë dui op die ontering van die tempel deur Antiogus Epifanes in 168 v.C. - toe hy aanbidding van Zeus en die offer van varke daar laat plaasvind het. Dit lyk of 9:24-27 die vers is waarna ons moet kyk.

Om die verse te ontrafel, verg in-diepte eksegeese, en ons kan sekerlik nie nou uitvoerig aandag daaraan gee nie. Maar die profesie is deur en deur Messiaans. En dit kan aangetoon word dat dit volledig vervul is in die eerste eeu. Trouens, as mens goed na die Here se profetiese rede kyk, word dit baie duidelik dat dit inderdaad die geval is.

Drie evangelies gesamentlik bekyk

Letterlik praat die teks van *die gruwel gekenmerk deur verwoesting, of wat verwoesting veroorsaak*.

Wanneer dit in die "heilige plek" (Mt) staan, "waar hy nie moet wees nie" (Mk 13:14), is dit die finale teken vir die Christene om na die berge toe te vlug. "Heilige plek" dui tipies op die tempel, maar is ook soms vir die stad Jerusalem self gebruik.

Waarop sinspeel Jesus met hierdie uitdrukking? Lukas maak dit duidelik. Die Christene moet vlug as hulle sien *dat leërs Jerusalem omsingel* (Lk 21:20).

Die gruwel is dus niks anders as die Romeinse leërs wat Jerusalem in 66 n.C. begin beleër nie.

In die lig van Lukas se weergawe is dit waarskynlik dat Jesus met die uitdrukking "heilige plek" nie die tempel self in gedagte het nie, maar die stad Jerusalem. In elk geval sou dit te laat wees om te vlug teen die tyd dat die tempel beset is. Daar is dan ook redelik betroubare oorleweringe dat die laaste Christene Jerusalem teen 68 n.C. verlaat het, so ongeveer teen die helfte van die beleg.

Die christene se vlugtog (Mt 24:16-22)

Al drie sinoptiese evangelies stel uitdruklik dat die dissipels na die berge toe moes vlug. Jesus is nie spesifiek in Sy voorskrif nie. Met "berge" bedoel Hy waarskynlik gewoon die bergagtige wildernis wat groot dele van Palestina beslaan. Dit gaan dus daaroor dat hulle moes wegkom van die hoofroetes en Jerusalem af, want dis waar die Romeinse leer hom sou toespits. Beswaarlik sou hulle moeite doen om 'n klomp vlugteling in die woestyn met sy baie klowe en spelonke te probeer uitsnuffel.

Volgens oorleweringe uit die 4de eeu het talle Christene na Pella gevlug - so 'n 10 km oos van die Jordaan en ongeveer 40 km suid van die meer van Gallilea. Hoewel hulle waarskynlik veilig daar sou wees en sommige dalk daar geskuil het, het geleerdes vandag bedenkinge oor die betroubaarheid van sulke tradisies. Wat wel vasstaan, is dat hulle gevlug en weggekome het.

Die erns en dringendheid van die Here se voorskrif word deur Hom onderstreep. As dit tyd is om te vlug, moet hulle nie water trap nie (17-18).

Voorts draai die Hy nie doekies om oor die ontberinge van die vlugtog en die onuitspreeklike lyding in Jerusalem nie (19-22). Maar volgens Lukas verseker Hy Sy geliefde dissipels dat daar by wyse van spreke nie 'n haar van hulle koppe sal afval nie (21:18). En inderdaad het daar volgens oorleweringe geen Christen in die beleg van Jerusalem en tydens die vlugtog gesterf nie. Daarenteen het baie Jode juis in Jerusalem in gevlug om weg te kom van die naderende Romeinse leër - en in die volgende 4 jaar het meer as 'n miljoen van hulle in die oorvol stad gesterf.

Baie leer dat Mt 24:21-22 se beskrywing van die groot verdrukking vooruitwys na 'n tyd net voor die wederkoms. Dis slordige eksegeese, aangesien v.21 met die redegewende voegwoord "want" begin. So word hierdie groot verdrukking vasgemaak aan die vlugtog. Die Christene moes wegkom, *omdat* so 'n groot verdrukking op hande was.

Vals christusse en profete (Mt 24:23-27)

In Mt 24:23-26 waarsku die Here Jesus weereens Sy dissipels teen vals messiaanse aansprake. Let op die tydsaanduiding in v. 23 ("dan", OAV; "daardie tyd", NAV). As daar vantevore sulke aansprake was, is dit maklik om te begryp dat dit tydens die verskriklike lyding binne die stad sou toeneem.

Josefus Flavius, die Joods-Romeinse historikus (37 n.C. - na 100 n.C.), skryf dat daar talle sulke gevalle was. Blykbaar was die motief om die Jode tydens die beleg hoop te gee sodat hulle sou volhard. Een geval is 'n goeie voorbeeld. Iemand het daarop aanspraak gemaak dat God hom beveel het dat die mense by die tempel moes vergader, vanwaar hulle dan verlos sou word. Onnodig om te sê, het dit nie gebeur nie, en het dit bygedra tot die mense se ontnugtering en lyding.

Josefus beskryf ook merkwaardige tekens en wonders wat blykbaar in daardie tyd plaasgevind het.

Hy beskryf onder meer 'n swaardvormige ster wat vir 'n tyd lank oor die stad gehang het. By 'n ander geleentheid het 'n helder lig vir 'n halfuur oor die tempel geskyn. Waar? Wie sal weet?

Die Here sê uitdruklik dat Hy nié dan sal terugkeer nie (23, 25, 26). Nee, sê Hy, wanneer Hy uiteindelik wel sal kom, sal niemand daarvoor twyfel nie. Dit sal wees soos weerlig wat die hele hemelruim verlig - universeel en kosmies (27).

'n Karkas lok aasvoëls (Mt 24:28)

Vers 28 is vir baie 'n probleem. 'n Paar opmerkings sal dit egter duidelik maak.

Eerstens begin die vers in Grieks nie met 'n redegewende voegwoord ("want"), soos in die OAV nie.

Tweedens is die NAV se woord, "aas", die vertaling van 'n Griekse woord wat *dooie liggaam* of *karkas* beteken. Duidelik sinspeel Jesus óf op die liggame van dooie Jode, óf op die dooie karkas van die Joodse nasie en godsdiens as geheel.

Derdens dui die woord wat ons Bybels met "aasvoëls" vertaal, op roofvoëls in die algemeen. Dit kan daarom ook met arend vertaal word (KJV, RSV, Amp). Nou gebruik die Ou Testament soms die beeld van 'n arend om te praat van heidennasies wat die Here sal gebruik om Sy ontroue volk te straf (Dt 28:49; Hos 8:1; Hab 1:8). Hier is die arend natuurlik die Romeine.

Wat Jesus dus hier sê, is dat die verskrikkinge van daardie tyd nie tekens sal wees van Sy wederkoms nie, maar van Sy oordele oor die Jode.

Wat sê dit alles vir ons?

1. Jesus was 'n betroubare profeet.

Feitlik alle regsinnige geleerdes aanvaar dat die Markusevangelie lank voor die vernietiging van Jerusalem geskryf is. En dis algemeen om te aanvaar dat ook Matteus en Lukas voor 70 n.C. ontstaan het.

So gesien, tref dit jou net weer hoe akkuraat hierdie profesie van Jesus is - wat sowel

besonderhede as datering betref. Dit onderstreep dan weer vir ons die betroubaarheid van ál Sy lering en beloftes. Ja, ons sê dat ons al Sy woorde glo, maar 'n bemoediging soos hierdie gee ons geloof weer 'n hupstoot, nie waar nie!

Nog meer, laat ons onthou dat die belangrikste deel van Sy profetiese werk daarin lê dat Hy die wese van wie en wat God is aan ons kom openbaar het - op 'n menslik-bevatlike manier. Wat ons dus in Hom sien, is ten diepste hoe God is. In elk geval wil ons hemelse Vader hê dat ons in die eerste instansie só oor Hom moet dink - dat Hy soos die Seun vol genade en waarheid is. *En dis betroubaar!*

2. Die Here beskerm tog dikwels Sy kinders teen die ergste smarte in hierdie wêreld.

Almal van ons weet van die voorspoedteologie wat tydens die afgelope dekades so 'n impak gemaak het op veral die kerk in die westerse wêreld. Tereg stem ons nie daarmee saam nie. Maar nou is dit 'n gevaar dat mens so 'n teensin in hierdie simplistiese misleiding ontwikkel, dat jy in die teenoorgestelde reaksie verval. Sommige Christene word dan as 't ware *smartvrate* - asof die Here nie wel soms ingryp om Sy kinders van smarte te vrywaar nie.

Nee, wat hierdie saak betref, moet ons vashou aan God se soewereiniteit. Pas het ons gesien hoe Christene bewaar word van verskriklike lyding tydens die vernietiging van Jerusalem. Maar die Nuwe Testament vertel ook weer en weer van gelowiges wat die hoogste tol moes betaal vir hulle geloof. 'n Petrus en 'n Paulus word uit die tronk verlos, maar 'n Stefanus word gestenig. En in elk geval sterf beide Petrus en Paulus uiteindelik 'n marteldood. Dink aan die twee broers, die seuns van Sebedeus: Jakobus is die heel eerste van die apostels wat tereggestel word, maar Johannes word horingoud en sterf 'n natuurlike dood.

God is en bly soewerein wat hierdie dinge betref!

Maar dit moet ons nie laat huiwer om in elke nood om uitkoms te smek nie. So wil die Here dit hê. My afhanklikheid en vertroue verheerlik Hom. En, in elk geval, watter kind hardloop nie na sy pa toe as hy 'n krisis het nie? En watter pa het nie 'n vreugde daarin

as sy kind met al sy probleme na hom toe kom nie?

3. As God se hart baie, baie sag is vir Sy eie kinders, geld dit vir seker nie vir Sy vyande nie.

Ons sal nog nader kyk na die vernietiging van Jerusalem, die Jode en hulle verdraaide godsdiens. Maar laat ons nou net weer herinner word daaraan dat God nie net 'n God van liefde is nie, maar meteen ook 'n God van die allerverskriklikste toorn teen sonde - en sondaars. Vir die sentimentele en mensgesentreerde godsdiens en teologie van ons dag sê die Woord hard en duidelik: "Let dan op die goedheid en strengheid van God" (Rm 11:22).

4. Ook óns word steeds geroep om te vlug.

Op minstens 4 plekke dring die Nuwe Testament ernstig by ons daarop aan om te vlug. En dit sê ook vir ons waarheen ons moet vlug. Volgens 1Kor moet ons vlug vir seksuele losbandigheid en afgodsdien (6:18; 10:14). Volgens 1Tm 6:11 moet ons vir geldgierigheid vlug - na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minzaamheid toe. En volgens 2Tm 2:22 moet ons vir die begeertes wat jongmense bedreig vlug - na opregtheid, geloof, liefde en vrede toe.

En, let op, hierdie is nie net 'n wegvlug van sonde af nie, maar ook van die uitgieting van God se toorn af. En dis 'n heenvlug na die veilige beskutting van die Here toe.

Mag die Here ons help om hierdie oproep nie gering te skat nie!

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500;

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906